

Die Tradisionele Boeremusiekklub

POSBUS 529
LADANNA
0704

TEL. (01521) 74724

OMSENDBRIEF NR 6

Geagte Lid,

Hier is die groot nuus! Johannes Petrus (Silver) de Lange se gedenksteen is reeds opgerig en die onthulling vind eersdaags plaas.

Dit is vir ons besonder aangenaam om u en u gesin na hierdie groot geleentheid uit te nooi.

PLEK: Wespark Begraafplaas, Johannesburg. (Padkaart aangeheg).

DATUM: (D.V.) 19 Oktober 1985.

TYD: 15h00 (3 nm.)

PROGRAM VIR DIE DAG

1. Seremoniemeester verwelkom almal by die graf.
2. Ds Lourens Aucamp, ons voorsitter, sal die verrigtinge met Skriflesing en Gebed open.
3. Onthulling. Robert Richard (Bobbie) Pennells, Silver se banjospeler, verrig hierdie huldebetuiging.
4. Voorsitter spreek aanwesiges toe.
5. Graf van 'n stigterslid van ons klub, wyle Jimmy Henning, word besoek.
6. Almal vertrek na die Louis Botha MOTHS-saal, Annetweg 5, Aucklandpark. Pad sal aangewys word.
7. Verrigtinge by saal begin om 16h00 (4 nm).
8. Musikante moet asseblief hulle instrumente en begeleiers saambring. Daar is gewoonlik 'n tekort aan kitaarspelers. 'n Program sal by die saal uitgewerk word sodat almal wat wil speel 'n kans sal kry om sy slag te wys. Onthou dis geen kompetisie nie en ons moet hulde aan Silver bring. Aan die begin van die program sal van sy nommers uiters gepas wees!
9. Dit is 'n gelisensieerde klub waar die byeenkoms plaasvind en drank sal daar te koop wees. Dit is dus ook verbode om u eie drank daarheen te neem.

2 / ....

10. Braaivleis, sous en pap sal teen R3,00 per persoon te koop wees. Lede wat reeds stoporders van R10,00 en meer geteken het sal, saam met hulle gesinne, dit gratis kry.
L.W. Dit is nie 'n Algemene Jaarvergadering waar etes gewoonlik gratis aangebied word nie.

11. Bring asseblief u eie eetgerei saam.

12. Alle voornemende lede is ook welkom. Hulle kan dan sommer daar by ons klub aansluit.

13. Lede en voornemende lede wat die verrigtinge wil bywoon moet asb. vir mevrou Dina Ellis by die volgende telefoon-nommers skakel: By haar werk: (012) 211-751 x 4322
en by haar huis: (012) 77-3012.
Ons wil darem min of meer weet vir hoeveel mense ons moet regmaak en wil sorg dat daar vir almal iets te ete is.

Pietersburgers (daar sal 'n hele paar van hulle daar wees!) kan oom Piet by (01521) 74724 skakel en hy sal dan verder die nodige stappe neem.

Ons het hierdie reëlings getref omdat Pretoria meer sentraal geleë is en lede dan nie so 'n duur telefoonoproep hoef te maak na Pietersburg nie.

14. Van ons ere-lede sal ook daar wees. Ons weet dat sommige van hulle ver van Johannesburg af woon maar ons sal dit baie waardeer as hulle ons met hulle altyd welkome teen-woordigheid sal vereer.

15. Ere-gaste: Daar is 'n paar interessante en bekende persoon-likhede uitgenooi. Ons dink dit gaan 'n groot verassing vir u wees!

16. Algemeen: Dit is altyd aangenaam om saam met 'n gawe klomp mense, met 'n gemeenskaplike doel en strewe, te verkeer. Ons praat mos almal dieselfde "taal" en daarom is dit so onbeskryflik lekker! Ons eksklusiewe klub (nêrens in die wêreld is daar nog so 'n klub nie!) het die afgelope tyd pragtig gevorder. Welwillendheid, vriendskap en same-werking is besig om, soos 'n welkome vars briesie, 'n integrale deel van ons bedrywighede te word! Ek weet nie hoe om dankie te sê nie want my ou hartjie is nou skielik heeltemaal te klein vir soveel mooi dinge op een keer!

Ek sal maar ons agbare voorsitter vra om die mans elkeen 'n stewige handdruk te gee en die dames ... ook 'n handdruk!

Amper het ek vergeet! Ons het selfs, in ons pogings om 'n sukses van ons saak te maak, 'n Woltoon daar in die goeie ou Kaap gaan haal en vir hom 'n Blikoor aangesit om ons sake in Bloemfontein reg te hou! Ek het nou ongelukkig sy naam vergeet maar die ou vaalseun werk nogal nie te sleg nie!

Sien julle almal die 19de Oktober, 1985.

Groete vanuit die Verre-Noorde.

P.B.ester

PIET BESTER
SEKRETARIS : DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB

D1 32/33


WESTELIKE VERBYPAD (SEMENTPAD)
PRETORIA
BEN SCHOEMAN
MULDERSDRIFT
GERMISTON
D.F. MALAN
ROODEPOORT
D.F. MALAN
de Villiers Graaff motorway
HOFMEYER
PRELLE
ROOSE-VELD PARK
MONTGO-MERY PARK
EMMARENTIA DAM
JOHANNESBURG
JAN VAN RIE-BEECK PARK
ALBERTVILLE
(WESPARK
MARKS PARK
BEGRAAF PLAAS)
NEWLANDS
JUDITH
TRIOMF
WESTDENE DAM
MELVILLE
PERTH
AUCKLAND PARK
KINGSWAY
EMPIRE
STANLEY
Jan Smuts Wisseloor